

On 30 Apr 2014, at 3:26 PM, cora van der merwe <coravdmerwe@gmail.com> wrote:

Geagte Mnr van Niekerk.

Ek heg hierby aan die volgende vir u aandag, welke vanaself spreek:

1. My verslag aan Mnre Tony Berlowitz;
2. My inspeksieopsomming in die aangeleentheid Mashiloane.

Ek neem ten sterkste eksepsie dat Mnr Norman berger na my verwys as kandidaatprokureur in diens van Ronald Bobroff Prokureur. ten tye van die inspeksie was ek werksaam as kostekonsultant. Reël 70 verleen aan my die bevoegdheid om enige lêer voor taksasie te inspekteer en die wertgewer het geen tydsbeperking aan die tyd wat dit neem om te inspekteer, gekoppel nie.

Mnr Berger se stelling dat ek ten tye van die inspeksie 'n kandidaat prokureur was en my by die hele mediadebakel te probeer intrek, word met die minagting wat dit verdien beskou. U kan gerus by die orde uitvind wanneer my kontrak geregistreer is, en hopelik insien dat Mnr Berger subjektief is. Mnr Berger se rekening was deurspek met fiktiewe items. Ongelukkig het ek nie kans gehad om die saak by die hof te opponeer nie aangesien ek nie voortydig kennis van die taksasie gekry het nie.

Ek het my bevindinge, naamlik die talle fiktiewe items in die party-en-party-rekeninge met die RAF gaan bespreek en my aanbevelings om die saak onder Forensies se aandag te bring is deurgegee aan Mnr Berlowitz.

Ek gaan nie toelaat dat mense my impliseer by aangeleentheid as dit met leuens en onwaarhede omring word nie. Die gemiddelde verwagting by die man op straat is dat u as redakteur 'n mate van kontrole moes uitoefen rakende kontekstuele korrektheid van die publikasie? Of gooi u nou maar die onwaarhede oor die boeg van die Grondwetlike reg van Vryheid van spraak. Wel weeg dit op teen my konstitusionele regte en ek dink die skaal gaan swaarder na my kant toe swaai.

Die uwe

--

CORA VAN DER MERWE

TEL: 071 712 9453

FAX: 086 692 7895

<20140430153807839.pdf>